## Van Zyl Slabbert3

**From:** "Breyten" <breytenbach@sentoo.sn>
**To:** "Van Zyl Slabbert" <fvz@mweb.co.za>
**Sent:** 22 March 2007 23:45
**Subject:** Envoi d'un message : giga.htm



# Wat is 'n Afrikaner?

**Kreef**

2007-03-22 **Druk dit**/Print it **E-pos hierdie skakel**/E-mail this link

Ek luister nou die dag na 'n debat/gesprek op RSG onder leiding van Kobus Bester waaraan Dr Alan Boesak, Dr Van Zyl Slabbert en 'n ander ou wie se naam ek nie kan onthou nie, deelgeneem het.

Ek kon dit amper nie glo toe die hele gesprek weer begin draai oor die vraag, "wat of wie is 'n Afrikaner" nie? My magtig, is dit na 14 jaar in die NSA nie vir ons moontlik om te se wie ons is of was nie?

Hoekom het almal in die ou SA geweet wie en wat 'n Afrikaner is? Hoekom weet Pres Mbeki presies wie ons is as hy ons vir alles blameer en ons gedurig uitkak?

Elkeen wat vir 'n uiteensetting van die definisie gevra word, stotter altyd soos 'n Lister waterpomp wat lug suig en is altyd o so versigtig om te sê o is nie uitsluitlik wit nie. Ons is blykbaar nou so inklusief dat 'n Apache in 'n reservaat in Amerika homself ook 'n Afrikaner kan noem as hy so voel. Dr Boesak sê tot dit is tyd dat ons onsself moet herdefinieer. Sal die Xhosa nasie ooit so 'n vraag gevra word? Is hulle so bang om te sê hulle is eksklusief 'n swart nasie?

Dit wil vir my voorkom dat baie van ons nou so polities korrek is en so tee apartheid was (en daarteen geveg het) dat ons nou skoon vergeet wat en wie ons is. En waarom kan ons nie 'n eksklusiewe wit volk wees binne die nasie nie? Waarom is ons so bang om te wees wie ons is, nl 'n Afrikaanssprekende wit volk binne die nuwe SA wat probeer het om 'n bel van afsonderlike ontwikkeling toe te pas en wat dit toe totaal en al

opgedonder het omdat ons te alwetend, eiewys, snobisties, onverdraagsa en domastrant was.

Dis wanneer ek met Afrikaners met Alzheimer's praat dat ek my partymaa skaam vir ons ruggraatlose, Jannie jammergat, ekskuus-ons-het-hier-kom bly houding teenoor die wêreld. My oorlede oupagrootjie, wat gedurende d boereoorlog by Magersfontein gesneuwel het, draai seker in sy graf as hoe sien hoe klomp slapgatte ons geword het.

Kreef

Gepubliseer in | Published in: Menings | Opinion > SêNet



© 2006 LitNet. Alle regte voorbehou. Terme & Voorwaardes | Kontak ons
Ontwikkel en aangevuur deur givengain Vertroulikheid | Sekuriteit | We